



**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II
SKRYF EN AANBIED (LU3) – TAAL (LU4)**

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n antwoordblad. Maak seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Beantwoord slegs wat gevra word en hou jou antwoorde kort en saaklik.
 3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 4. Beantwoord Vraag 5 en Vraag 6 op die Antwoordblad.
 5. Nommer die antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A Douspoor – R Daniels & G Julies (Samestellers)

Vrae 1 – 3 is slegs voorbeelde van die soort vrae wat in die prosa-afdeling verwag kan word vanaf 2008. Vrae in die Nasionale Eksamen van 2007 vir Graad 11-leerders sal generies van aard wees om die verskillende prosawerke wat tans met Graad 11-leerders bestudeer word, te akkommodeer.

VRAAG 1 Aapstreke – Patrick W Davids

Na die minister se dood in die dieretuin is daar 'n speurder wat die saak ondersoek. Voltooi nou die gesprek tussen die speurder en Rosanne Solomons.

Jy moet elke keer net die nommer en Rosanne se antwoorde neerskryf. Jy moet ten alle tye getrou bly aan die feite in die verhaal.

1.1 Speurder : Jy is bewus daarvan dat die minister korrup en oneerlik was. Hoe het hy jou en sy posisie as minister in die algemeen misbruik?

Rosanne : ...

(Lengte van antwoord: 100 woorde)

OF

1.2 Speurder : Gee vir my kortliks 'n beskrywing van die minister se verhouding met sy vrou.

Rosanne : ...

(Lengte van antwoord: 100 woorde)

OF

1.3 Speurder : Verduidelik hoekom jy sê dit was mevrou minister se idee om die minister dood te maak.

Rosanne : ...

(Lengte van antwoord: 100 woorde)


Assessering: *Die antwoord word as 'n geheel geassesseer. Tydens assessering sal die volgende dinge belangrik wees:*

1. *Inhoud/beskrywing van karakter*
2. *Interpretasie/standpunt inneem ten opsigte van karakter*
3. *Taal en woordeskat*
4. *Vorm, struktuur en lengte*

(10)

VRAAG 2 **Agter die lig – Nini Nöthling**

In die verhaal vergelyk Marietjie vir Pieter met die twee bekende akteurs op die prentjies hieronder.



Skryf 'n **paragraaf** hieroor waarin jy aandag gee aan die volgende:

- **Wie** is die twee akteurs met wie sy Pieter vergelyk?
- **Hoekom** vergelyk Marietjie hom met die twee akteurs?
- Hoekom is haar vergelyking **ironies** binne die konteks van die verhaal?

Jou paragraaf moet 100 woorde lank wees. Skryf die getal woorde aan die einde neer.

Assessering: Tydens assessering sal die volgende dinge belangrik wees:

1. *Inhoud/beskrywing van karakter*
2. *Interpretasie/standpunt inneem ten opsigte van karakter*
3. *Taal en woordeskat*
4. *Vorm, struktuur en lengte*

(10)

VRAAG 3 **In grys se duisend kleure – Manie Groenewald**

Lees die aanhaling uit die verhaal en beantwoord dan die vraag.

*Oor en oor moes hy al hoor hoe ernstig die saak teen hom staan.
Die moontlike uiteinde van dit alles is ook aan hom verduidelik:
Die ligste straf wat hom opgelê kan word, is afsondering in die
een of ander inrigting totdat sy gedrag voldoende verbeter het.*

Dink jy die landdros was reg om Jakus skuldig te bevind en na 'n inrigting toe te stuur?

Jy moet jou opinie gee, maar jy moet dit motiveer met die feite waarvan jy in die verhaal gelees het. Jy moet na die volgende verwys:

- Jakus se verhouding met Caria McAllister
- Leuens waarvan Jakus verdink word
- Jakus se reputasie by die skool
- Jakus se gedrag in die hof

Skryf jou antwoord in 'n **kort opstel** van minstens **3 paragrawe**, in totaal 200 woorde lank. Skryf die getal woorde aan die einde neer.

Assessering: *Tydens assessering sal die volgende dinge belangrik wees:*

1. *Inhoud/beskrywing van karakter*
2. *Interpretasie/standpunt inneem ten opsigte van karakter*
3. *Taal en woordeskat*
4. *Vorm, struktuur en lengte*

(20)

40 punte

AFDELING B Skryf**VRAAG 4**

Jy is 'n gereelde leser van *Jip*. Jy het die advertensie vir *Shoprite se "Klas van 2007"* raakgesien. Bestudeer die advertensie goed. Al die vrae is op hierdie advertensie gebaseer.

KLAS VAN 2007



Shoprite se "Klas van 2007"-kompetisie, een van die supermark-ketting se baie gemeenskapsprojekte, lok soos gewoonlik baie belangstelling onder beide ouers en leerlinge uit. Leerlinge wat vir die jaarlikse kompetisie inskryf, staan die kans om gratis skoolfooie vir die jaar van Shoprite-winkels te wen.

Shoprite het met 2006 se kompetisie ongeveer een miljoen rand se skoolfooie in die onderskeie provinsies uitbetaal. Die supermarkgroep probeer om op dié manier iets terug te gee and die gemeenskap, veral die minderbevoorregte kinders.

Leerlinge van regoor Suid-Afrika word uitgenooi om vir hierdie kompetisie in te skryf deur 'n kort opstel te skryf oor wat hulle graag wil word wanneer hul matriek slaag. Hul inskrywingsvorm moet dan in 'n gemerkte boks voor in hul naaste Shoprite-tak geplaas word. Die wenners se geld sal direk aan die skool betaal word.

Lesers word versoek om skoolgaande kinders met wie hul gereeld in kontak is (veral arm kinders), aan te moedig om vir die kompetisie in te skryf. Gee saam met ons om vir die gemeenskap en verseker sodoende 'n blinker toekoms vir hierdie leerlinge wanneer hulle deel word van die Klas van 2007.



Uit: *Jip* (bylaag tot BEELD)

Jy is goed bevriend met 'n skoolkind wat baie arm, maar ook baie talentvol, is. Sy/haar ouers kan nie bekostig om hom/haar na 'n duur privaatskool te stuur nie. Skryf 'n **brief** aan die skoolkind, waarin jy hom/haar aanmoedig om vir *Shoprite* se kompetisie in te skryf. Gee aandag aan die volgende:

- Gee redes hoekom hierdie kind 'n kans staan om die kompetisie te wen.
- Verduidelik aan hom/haar hoe die kompetisie werk.
- Probeer die persoon ompraat/motiveer om aan die kompetisie deel te neem.

Jou brief moet aan die volgende vereistes voldoen:

- *Dit moet 150 – 200 woorde lank wees. Skryf die getal woorde aan die einde neer.*
- *Die vorm van die brief moet korrek wees.*
- *Daar moet minstens 3 paragrawe wees.*

(30)

VRAAG 5

Jy het besluit om aan *Shoprite se "Klas van 2007"*-kompetisie deel te neem. Die kompetisie vereis dat jy 'n kort opstel skryf oor wat jy graag wil word wanneer jy matriek slaag.

Skryf nou die **beplanning** vir jou opstel in die vorm van 'n **kopkaart**. Gebruik die ingeslote **ANTWOORDBLAD** vir jou kopkaart.

Jou beplanning moet deeglik wees, sodat die opstel sonder moeite geskryf kan word. Gee onder andere aandag aan die volgende:

- Jou toekomsdrome en planne
- Dinge wat in jou guns tel om jou drome waar te maak
- Dinge wat teen jou tel en struikelblokke op jou pad

(10)

VRAAG 6

Shoprite het besluit om een van die weners van hulle *Klas van 2007*-kompetisie na jou skool toe te stuur. *Shoprite* sal verantwoordelik wees vir die wenner se skoolgeld tot in matriek. Jou skool is per e-pos hiervan in kennis gestel.

Skryf nou die e-posboodskap wat jou skool ontvang het van die bestuurder van die *Klas van 2007*-kompetisie. Die e-pos is gerig aan die skoolhoof en bevat inligting oor die volgende:

- Die wenner se identiteit
- Waarom die skool gekies is
- *Shoprite* se verantwoordelikhede ten opsigte van die wenner

Die e-posboodskap moet 120 – 150 woorde lank wees. Gebruik die ingeslote antwoordblad om die e-pos te skryf. Skryf die getal woorde aan die einde neer.

(20)

60 punte

Totaal: 100 punte